**SIEN JESUS STAAN**

Hand 7:56

**VOOR SKRIFLESING**:
‘n Ouma vertel my onlangs dat as haar kleinkind kom oorslaap, gooi hy sy matrassie op so ‘n plek in haar kamer dat hy haar op haar bed kan sien. Solank hy haar kan sien, is hy getroos, is hy gerus. Ek is seker dat dit vir die eerste christenmartelaar ook ‘n groot gerusstelling was om Jesus te kon sien terwyl die klippe op hom gereën het!
**SKRIFLESING**: Hand 6:8-15; 7:51- 8:4

**1. MOEILIKE VRAE**
Ons het die vorige twee Sondae by Ps 116 stilgestaan. Daarin prys die digter die Here o.a. omdat Hy hom van die dood gered het (:8). Maar hier in Stefanus se geval het Hy dit NIE gedoen nie. Was sy lewe dan minder werd? Het Hy hom minder liefgehad? Hoekom word net party mense gesond en word net sekere mense se lewens gespaar terwyl andere in ongelukke en misdaad en weens siekte omkom?
Hierdie verse roep inderdaad ‘n klomp **moeilike vrae** op. Stefanus sien vir Jesus staan, maar Hy gryp nie in nie. Gee Hy dan nie om nie? Is Hy dan nie liefde nie? Is Hy magteloos, of onwillig om betrokke te raak? Satan is die aanklaer by uitstek en dit is die soort situasies wat hy graag uitbuit – dink maar aan Job. Hoeveel keer het ons nie dalk al self gewonder hoekom die Here nie ingryp of ingegryp het en die een of ander ramp verhoed het nie!

**2. DIE MARTELAARS HET DIT NIE GEVRA**
Sedert Stefanus was daar al hoeveel ander christenmartelare: Johannes Hus … Guido de Bres … Soedan…
Johannes Hus het gelewe van 1369 tot 1415. Hy was ’n eerlike en dapper Christen. Hy het die mense vermaan teen die verkeerde dinge in die kerk en dat die Woord nommer 1 in die kerk moes wees. Die pous het glad nie van Johannes Hus se standpunt gehou nie en toe hy boonop die pous daarvan beskuldig dat hy homself verryk, was die pous woedend.
Almal het besef dat Johannes Hus se lewe om hierdie rede in gevaar sou wees. Eendag waarsku hulle hom toe om tog nie na ’n sekere kerkraadsvergadering te gaan nie, maar hy antwoord: *“Dis beter om goed te sterwe as om sleg te lewe.”* Johannes Hus het gehoop dat die mense in die vergadering sou luister na wat hy wou sê, maar toe word hy gevang en in die tronk gegooi.
Die rede? Die mense het gesê hy verkondig ’n klomp leuens. Johannes Hus word toe voor ’n **keuse gestel**: As hy ophou preek, sou hy bly lewe. As hy sou aanhou preek, sou hy sterf.
Hy het hulle geantwoord: *“Ek sal die waarheid van die Bybel verdedig tot die dood toe.”* Dit was Johannes Hus se doodsvonnis. Hulle het hom op 'n brandstapel vasgemaak en aan die brand gesteek.
Toe hy op sy 42ste verjaardag in Konstanz, Duitsland, na die brandstapel gelei is, was van sy **laaste woorde**: *“Wat ek met my lippe verkondig, verseël ek met my bloed!”*

Terwyl die vuur om hom gewoed het, het hy die **geloofsbelydenis** hardop opgesê: *"Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. Ek glo in Jesus Christus..."*
En so het hy gesterf ... lojaal aan Christus. Dit het die kerkhervorming in daardie deel van Europa tot gevolg gehad,

Mens kan dit amper nie glo nie, maar daar is nog **steeds martelare**! Een van die plekke waar dit redelik onlangs nog gebeur het, was Soedan, in die noorde van Afrika. Die regering was onder die beheer van Moslems en hulle wou die Christene uitroei. Daar was 'n lang burgeroorlog tussen die groepe – vir 22 jaar lank (van 1983 tot 2005). Twee en 'n half miljoen mense is doodgemaak. Helfte van hulle was van die Episkopaalse kerk. Baie kerkleiers is uitgesonder en het 'n marteldood gesterf.
**Kamal Tutu**, 'n Christen in die suide van Soedan, het kwaai brandwonde opgedoen toe die regering hulle kerk aangeval het. Hy vertel: *"Hulle het die priester gevang en hom vermoor, saam met ander priesters in die omgewing. Baie mense is in die kerk aan die brand gesteek. Hulle het my vasgemaak en my in die son gelos. Nadat hulle die kerk met die mense daarin afgebrand het, het hulle my op die gloeiende kole van die afgebrande kerkgebou gegooi. Toe het hulle vertrek. My hande is permanent geskend. My vrou moet nou alles vir my doen, want ek kan niks self doen nie – nie eens op my eie eet nie. Maar Jesus bly my alles."*

Waar het al hierdie martelare die **moed vandaan gekry**? Wat Stefanus betref, is ek seker dat die gesig wat hy gehad het hom geweldig baie moes versterk het. Hy sien vir Jesus aan die regterhand van God staan. Dit sê vir hom:

1. **Jesus lewe!** Die dood is oorwin.
2. **God is in beheer**. Die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) se weergawe van dié uitdrukking is betekenisvol: *Hy het Jesus in die regeerposisie reg langs God sien staan.*
3. **Jesus is betrokke**. Hy weet wat aangaan. Die hemel is oop.

4. **Jesus wag hom in.** Baie eksegete lewer kommentaar op die feit dat Stefanus Jesus sien staan. Dit is ongewoon. Op al die ander plekke waar dit ter sprake kom, *sit* Hy aan die regterhand van God. Hoekom staan Hy hier? Die betekenis word nie in die teks uitgespel nie. Party kommentare sê Hy staan, want Hy is gereed vir aksie. Hy verwelkom as't ware vir Stefanus. Hy wys sy betrokkenheid.

5. **Die oordeel behoort aan Jesus**
6. **Daar is 'n plek waarna toe ons op pad is.**

Skynbaar was die omstandighede waarin hy hom bevind het nie vir Stefanus 'n **probleem nie.** Hy het dit aanvaar as deel van **dissipelskap**. As 'n mens 'n dissipel of volgeling van Jesus is, moet jy sulke behandeling te wagte wees. Eintlik was Jesus die eerste martelaar. Soos Jesus gee Stefanus sy gees wel nie aan die Vader nie, maar aan Jesus oor en soos Jesus sterf hy met 'n gebed vir die vergewing van sy vyande op sy lippe.

**3. OPOFFERINGS IS DEEL VAN DISSIPELSKAP**

Geliefdes, as mense wat saam met die psalmis vir die Here sê dat ons vir Hom **lief is**; as mense wat bely dat ons **volgelinge** van Jesus is wat sy voorbeeld probeer volg, sal ons ook bereid moet wees om op te offer en te ly twv ons geloof. **Opofferings** is meestal nie lekker of maklik nie. Dis egter deel van dissipelskap. Dit is eers die kruis en dan die kroon. Ek is soms bekommerd dat ons – ek ook - **te gemaksugtig** raak in ons godsdiens. Alles in die lewe en in die kerk moet gou en maklik en sonder inspanning en opoffering en vlgs my smaak gebeur. EK is die **verwysingspunt** – nie God en sy koninkryk soos wat met Stefanus en die ander martelare die geval was nie.

Nee, Jesus was **nie onsim**patiek teenoor Stefanus nie. Hy het ook nie **magteloos** toegekyk nie. Hy het hom bomenslike krag en kalmte en vergewensgesindheid gegee en HET hom van die dood – die ewige dood – gered. Sy dood was 'n **nuwe begin** - die deurstap van hierdie lewe na die heerlikheid by God, daar waar Jesus reeds vir hom 'n plek gereed gemaak het.

**4. OPOFFERINGS HET GESEëNDE GEVOLGE**

Hoe tragies die gebeure daardie dag ookal was, het daar tog ook goeie gevolge uit voortgevloei. Die manier waarop Stefanus gesterf het, moes 'n onuitwisbare indruk op **Saulus** gemaak het. Daar is 'n saadjie gesaai wat later sou bydra tot sy bekering en vreeslose bediening. Augustinus:
*"Dat die kerk Paulus gekry het, is te danke aan die gebed van Stephanus."*
Die **vervolgin**g wat na Stefanus se dood losgebreek het, het die christene ook gedwing om uit Jerusalem te vlug en waar hulle gekom het, het hulle die evangelie versprei. Tertullianus: *"Die bloed van die martelare is die saad van die kerk…"*
**Soedan:** Ten spyte van hierdie wrede vervolging, het die Christendom verstommend gegroei. In 1983 was net 5% van die bevolking in die suide van Soedan Christene. Vandag is meer as 85% van die ses miljoen mense daar Christene.

**5. HOE BEREID IS ONS?**

In 1 Petrus 2:21 lees ons: *"Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely het en so vir julle 'n* ***voorbeeld*** *gestel het, sodat julle in sy* ***voetspore kan volg****."*
Ons in SA gooi dalk nie meer klippe nie, maar ons weet hóé om mense swart te smeer, onder verdenking te plaas, karaktermoord te pleeg, te spot. Dit is ook maar 'n soort steniging, 'n brandstapel, 'n houtkruis!
Is jy **bereid om te ly** omdat jy vir Jesus volg? Of kom ons vra dit liewers só: Het jy vir Jesus só lief dat jy sal **opstaan teen** alles wat sy naam oneer of skade aandoen?
Die vraag is: **Waarvoor** sal ons bereid wees om martelaars te word? Sal jy jou lewe gee, of jou reputasie, ter wille van jou geloofsoortuiging?

Is jy bereid om **te vergewe** om Jesus wil? George Wishart (1513-1546) was 'n Skotse hervormer wat ook vir sy geloof moes sterf. Hulle vertel dat toe hy tereggestel moes word, het sy teregsteller gehuiwer. Wishart het na hom gestap, hom op sy voorkop gesoen en gesê: *"Hier is 'n teken dat ek jou vergewe."*

Dis een van die **grootste uitdagings van gelowiges**… vergifnis… om die oordeel aan God oor te laat, meer nog: om te bid dat Hy hulle ook sal vergewe! Dit kos selfopoffering.

**6. SIEN JESUS STAAN**
Gemeente, ons sal miskien nooit op aarde die voorreg hê om te sien wat Stefanus daardie dag gesien het nie. Tog is dit nb dat ons altyd **in gedagte sal hou:** Jesus leef; Hy is in beheer; Hy is betrokke en wanneer ons die dag sterf, wag Hy ons in. As hulle jou dan **wil stenig** omdat jy bereid is om by die werk, by die skool, op die sportveld, in jou vriendekring, by jou eie huis, ja, orals te wys dat jy aan Jesus behoort, dat Jesus jou Koning is, sal jy ook die moed hê om te sê: Laat die klippe maar kom ... *Ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.*

Amen
22.05.2011